Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2018

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

**PUNTE:** **70**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 41 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDS-OPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Gebruik die inhoudsopgawe om jou met jou keuses te help.

3. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | | |
|---|---|---|---|
| AFDELING A: | Roman | (35) | |
| AFDELING B: | Drama | (35) | |
| AFDELING C: | Kortverhale | (35) | Beantwoord vrae op albei kortverhale. |
| AFDELING D: | Gedigte | (35) | Beantwoord vrae op albei gedigte. |

4. Lees die inhoudsopgawe op bladsy 3 en dui die vraagnommers van die TWEE letterkundetekste wat julle in die klas behandel het, aan.

5. Beantwoord TWEE vrae: EEN vraag uit elkeen van die TWEE afdelings wat julle behandel het.

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.

   Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou te help.

6. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

9. Voorgestelde tydsindeling: Ongeveer 60 minute per afdeling/vraag.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE

Hierdie bladsy sal jou in staat stel om die vrae te kies wat jy wil beantwoord sonder om deur die hele vraestel te lees.


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **AFDELING A: ROMAN**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | | | |
| | | | **PUNTE** | **BLADSY NR.** |
| VRAAG 1: | *Kringe in 'n Bos* | Kontekstuele vraag | 35 | **5** |
| | **OF** | | | |
| VRAAG 2: | *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | Kontekstuele vraag | 35 | **8** |
| | **OF** | | | |
| VRAAG 3: | *Meeulanders* | Kontekstuele vraag | 35 | **12** |
| | **OF** | | | |
| VRAAG 4: | *Lien se lankstaanskoene* | Kontekstuele vraag | 35 | **16** |
| | | | | |
| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | | | |
| VRAAG 5: | *Poppie – die drama* | Kontekstuele vraag | 35 | **20** |
| | **OF** | | | |
| VRAAG 6: | *Paljas* | Kontekstuele vraag | 35 | **24** |
| | **OF** | | | |
| VRAAG 7: | *Fiela se kind* | Kontekstuele vraag | 35 | **29** |
| | | | | |
| **AFDELING C: KORTVERHAAL**<br><br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | | | |
| VRAAG 8: | Die weldoener | Kontekstuele vraag | 17 | **34** |
| | **EN** | | | |
| | Rot in ’n val | Kontekstuele vraag | 18 | **36** |
| | | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br><br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.** | | | | |
| VRAAG 9: | Pryslied | Kontekstuele vraag | 18 | **38** |
| | **EN** | | | |
| | Huiskat | Kontekstuele vraag | 17 | **40** |

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.

**LET WEL:** Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het.

| AFDELING | VRAAGNOMMERS | GETAL VRAE BEANTWOORD | DUI AAN (√) |
|---|---|---|---|
| A: Roman | 1–4 | 1 | |
| **OF** | | | |
| B: Drama | 5–7 | 1 | |
| **OF** | | | |
| C: Kortverhale | 8 | 1 (2 kortverhale) | |
| **OF** | | | |
| D: Gedigte | 9 | 1 (2 gedigte) | |

## AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### VRAAG 1: *KRINGE IN ’N BOS* – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS A

Sy ma en Sara is November dood. Die Januarie daarna het hy veertien geword. Hulle het by Grootdraai waenhout gemaak en die grootste gedeelte van sy werk was nog altyd om die skerm. Omdat die waenhout teen ’n taamlike skuinste gekap is, was die skerm ’n halfmyl laer af gemaak.

“Dis Saul, hy is verjaar vandag,” het sy pa op die ou Bosmanier teen die voordag onder die skerm aangekondig.

“Geluk Saul”, het oom Anneries krakerig omgedraai.

“Is ek nou veertien, Pa?” wou hy net seker maak.

“Ja. En geluk van my ook. As ’n man eers veertien is, begin jy vleis aan jou bene kry en bas aan jou vel en kan jy uitkyk na die dag wat jy jou eie byl kan swaai – jy moet kom begin uitkap aan die kwaallatte later vandag. Ons is amper reg vir uitsleep.”

Dit was ’n vreemde gevoel. Die veertien-gevoel. So asof jy in twee bome gelyk staan.

1.1 1.1.1 Wat was die oorsaak van Saul se ma se dood? (1)

1.1.2 Noem enige ander belangrike gebeure in dieselfde jaar as sy ma se dood. Gee TWEE feite. (2)

1.1.3 Hoe het Saul se ma bygedra tot sy geletterdheid? (1)

1.2 1.2.1 Hoe het Joram Barnard volgens die uittreksel bewys dat familietradisies vir hom belangrik was? (1)

1.2.2 Hoe het Saul van sy pa verskil ten opsigte van die bosmense se tradisies? (2)

1.2.3 Hoe het Saul se ma ook bewys dat sy tradisievas was wanneer ’n lid van die gesin verjaar het? (1)

1.3 1.3.1 Gee die figuurlike betekenis van “… begin jy vleis aan jou bene kry en bas aan jou vel”. (reël 9 en 10) (1)

1.3.2 Gee TWEE bewyse dat Saul se pa later groter dinge van hom as ’n veertienjarige verwag het. (2)

1.4 Hoekom voel Saul asof hy tussen twee bome staan? (1)

1.5 1.5.1 Waarom is dit waar dat Saul se wegbreek van sy tradisies vir hom voordelig was? Gee TWEE feite. (2)

1.5.2 Wat was een van die groot insidente wat daartoe gelei het dat Saul van sy familie weggebreek het? (1)

1.5.3 Hoe het hierdie wegbreek vir Saul egter ook nadelig geraak? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

Hy is nie sonder hartseer uit Swellendam weg nie, ook nie sonder ŉ skuldgevoel teenoor ou Abraham en tant Annie nie.
“Jy’t vreemd hier aangekom en eintlik gaan jy vreemd hier weg,” het die ou man hartseer gegroet. “Jy’s nes ŉ kas waarvan die sleutel weggeraak het en wat nie kan oop nie, maar ek is spyt dat jy weggaan.”
“Ons sal mekaar weer sien, oom.”
“Die Here beskik ons pad, Saul. As hy dit so wil, sal ons mekaar weer sien. En as jou dinge agtermekaar is, laat weet my. Ek is nie op hierdie plek gewortel nie, hoor?”
“Bedoel oom dit?”
“Ja.”
As hy ou Abraham op Knysna kan kry, is hy loshande deur … Selfs die ou tante het onthou van ŉ niggie van haar wat hierdie kant toe getrek het!
Saul het skielik onthou dat die perd onder hom moeër was as hy self en die teuels laat skiet …
Toe hy die dorp binnery, was daar ŉ vae gevoel van vreugde in hom.

1.6 1.6.1 Waarom was Saul “nie sonder hartseer uit Swellendam weg nie”? (reël 1) (1)

1.6.2 Waarom dink jy is hy wel met ŉ skuldgevoel daar weg? (1)

1.7 1.7.1 Waarom beskou oom Abraham vir Saul as ŉ kas waarvan die sleutel weggeraak het? (1)

1.7.2 Hoe het die mense van Swellendam se houding teenoor Saul van dié van die mense van Knysna verskil? (2)

1.8 1.8.1 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (1.8.1) en die antwoord neer.

Saul (was geforseer om/het uit sy eie) Knysna verlaat. (1)

1.8.2 Waarom keer hy nou weer terug na Knysna? (1)

1.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (1.9) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 1.9. E.

Saul het hierdie keer met meer selfvertroue na Knysna teruggekeer, want …

A Saul se familie kon nou hulle hout aan sy meubelmakery verkoop.
B Saul is nou skatryk.
C Saul weet Kate mis hom.
D Saul en sy familie het vrede gemaak. (1)

1.10 Saul en Kate het ŉ naweek in die Bos deurgebring.

Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar neer in die VOLGORDE soos dit in die roman gebeur het:

- Saul het ŉ bossie agter hom hoor kraak.
- Kate het hom van die dag vertel toe haar woorde hom baie seergemaak het.
- Kate het Saul versoek dat hulle van hulle bittere verlede vergeet.
- Saul wou weet hoekom Kate hom agtervolg het. (4)

1.11 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.11.1–1.11.3) neer.

| goedkeuring; ernstig; afkeuring; goed; Engeland; Brittanje |
|---|

Caroline McDonald het Saul besoek om hulle (1.11.1) … teenoor Saul en Kate se vriendskap te kenne te gee. Volgens Caroline was Kate se verhouding nie (1.11.2) … genoeg om met haar ma daaroor te praat nie. Caroline het vir Saul vertel dat sy ŉ afstammeling van koning George 111 van (1.11.3) ... was. (3)

1.12 Daar was verskillende karakters wat ŉ rol in Saul se lewe gespeel het.

Kies die karakter in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.12.1–1.12.4) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 1.12.1 | Hierdie karakter was tradisievas en ŉ goeie houtkapper | A | Jefferson |
| 1.12.2 | Hierdie karakter was Saul se hartbroer | B | Joram |
| 1.12.3 | Hierdie karakter het Saul en sy familie in die skuld gehou | C | Maska |
| 1.12.4 | Hierdie karakter het gegroei en uiteindelik vrede met Saul gemaak | D | Joseph |
| | | E | Macdonald |

(4 x 1) (4)
**[35]**

**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

*Liewe leser*. Dis hoe ek my lewensverhaal wou begin. Toe kom loer Tibo oor my skouer en sê ek is simpel, dis nie hoe mens ŉ storie begin.
“Wat weet jy?” vra ek hom. “Hoeveel stories het jy al geskryf?” Tibo is agt. Gans te oud vir sy ouderdom, soos my ma altyd sê. Hy’s my halfbroer. Ek het ook twee stiefbroers. “Wie wil jy hê moet jou storie lees?” vra Tibo.
“Nie jy nie,“ snou ek hom toe. “Loop speel met jou poppe.”

***

Fabienne het natuurlik fantastiese tande. Ek het ŉ gaping tussen my boonste voortande, nou nie so wyd dat ek ŉ potlood daar kan indruk nie, maar nogtans groot genoeg om my te hinder. En anders as al die ander dinge aan my lyf wat my hinder – my amper onsigbare tieties, my lelike voete, my puisies – kan ek iets aan my tande dóén. Maar ek sal eers iets aan my ma moet doen.
My tandarts sê ek moet draadjies dra. Ek is grétig om draadjies te dra. Wat maak dit saak as seuns jou nie wil soen nie? Selfs sonder draadjies word ek nie juis oorval deur soenende seuns nie. Maar my ma skop vas. Geldmors, meen sy, dit sal my tande karakterloos laat lyk. Wie wil nou karaktervolle tande hê?

2.1 Watter karaktereienskap het Hanna en Beyers in gemeen? (1)

2.2 Waarom is dit waar dat Beyers die ideale man vir Mana is? Gee TWEE feite. (2)

2.3 2.3.1 Wat maak van Mana ŉ onkonvensionele vrou of ma? Gee TWEE voorbeelde uit die roman. (2)

2.3.2 Hoe het Beyers sy romanse op ŉ baie onkonvensionele manier aan Mana gewys? (1)

2.4 Hanna skep vir haarself ŉ alter ego, Fabienne.

2.4.1 Hoe het Fabienne haar gehelp met dinge waarmee sy geworstel het? (1)

2.4.2 Waarom het Hanna dan tog aan die einde van Fabienne ontslae geraak? (1)

2.4.3 Dink jy die skep van ŉ alter ego is ŉ goeie idee in ŉ mens se lewe? Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

2.5 Watter ongewone besluit van Mana was die begin van die verandering in Hanna se gesin? (1)

2.6 2.6.1 Waarom was Hanna glad nie gelukkig oor die koms van Margot nie? (1)

2.6.2 Waarom was dit tog later goed dat Margot wel opgedaag het? (1)

2.7 2.7.1 Hoe het Beyers sommer aan die begin op die berg probeer om die gesin se verhoudings te verbeter? (1)

2.7.2 Wat het Mana gedoen om die gesinsbande op die berg hegter te maak? (1)

2.8 Hanna verander die berg se naam van Botterberg na Bitterberg.

Wat sou die figuurlike betekenis van "bitter" in Bitterberg vir Hanna wees in die konteks van die roman? (1)

2.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (2.9) en die antwoord neer.

Mana het elke oggend (net 'n entjie/glad nie) met die gesin op die berg gestap. (1)

2.10 Hanna was vol afwagting dat Sharon later by hulle sou aansluit.

2.10.1 Verduidelik waarom Sharon se aankoms op die berg Hanna tog ongemaklik laat voel het. Gee TWEE feite. (2)

2.10.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (2.10.2) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 2.10.2 E.

Hanna besef haar ongemak was onnodig toe sy agterkom dat …

A Sharon meer aandag aan Yann bestee.
B Sharon die eenvoud van Hanna se gesin geniet.
C Sharon haar verhaal waardeer.
D Sharon Gavin se vermaak geniet. (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

*Liewe leser*, partykeer dink ek om te lewe is soos om in die see te staan, met jou rug na die branders, en te probeer uitwerk wanneer en hoe die volgende een jou gaan tref. Of dit ŉ onskadelike brandertjie gaan wees wat jou net so effens gaan laat wieg. Of ŉ onverwagse breker wat jou voete onder jou gaan uitslaan.
Vandag is ons deur ŉ breker getref. Ons sukkel almal nog om ons balans terug te kry. Yann slurp sy sop met ŉ bedwelmde uitdrukking. Amos en Tibo babbel asof hulle beurte maak om ŉ sokkerwedstryd uit te saai. Beyers vryf beswaard oor die sout-en-peper-stoppelbaard wat hy die afgelope week gekweek het. Mana probeer hom opbeur met simpel grappies. Dan gooi hy sy kop agteroor en blaflag soos ŉ dol hond.
Ek loer onderlangs na Sharon en wonder wat sy van my gesin moet dink.
Mana en Beyers het die nuus gebring, saam met die kruideniersware wat hulle op die dorp gaan koop het.

***

Maar ek dwaal al weer af. Ek moet vertel van die nuus wat hulle saamgebring het. Ons het hulle ewe niksvermoedend ingewag.

2.11 "Vandag is ons deur ŉ breker getref". (reël 5)

Wat bedoel Hanna met hierdie woorde? (1)

2.12 Wat probeer die skrywer bereik deur die aanhoudende uitstel van die nuus wat Mana en Beyers saambring? (1)

2.13 Hoe verskil Amos en Yann se reaksie van mekaar op hul ma se koms? (2)

2.14 Die volgende gebeure hou verband met die gebeure op die berg.

Skryf die gebeure nou onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer soos dit in die roman voorkom.

- Gavin het op dramatiese wyse aangekom.
- Margo het met ŉ gehuurde Golf opgedaag.
- Sharon het gereken dat Hanna ook ŉ heks is.
- Almal het die aand charades gespeel. (4)

2.15 Waarom het Sharon vir Hanna ook as ŉ heks beskou? (1)

2.16 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (2.16.1–2.16.3) neer.

| in die motor; ŉ spesiale ete; klap hande; sing; nat; koek |
|---|

Almal (2.16.1) … vir Hanna op haar verjaarsdag. Gavin trek solank Beyers se klere aan, want syne is nog (2.16.2) … . Hulle almal eet (2.16.3) … op Hanna se verjaarsdag. (3)

2.17 Daar was verskillende karakters wat ŉ rol in Hanna se lewe gespeel het.

Kies die karakter in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (2.17.1–2.17.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.17.1 | Hierdie karakter was aanvanklik Hanna se alter ego | A | Margot |
| 2.17.2 | Hierdie karakter het Hanna eers baie geïrriteer | B | Fabienne |
| 2.17.3 | Hierdie karakter was eers ŉ verleentheid vir Hanna | C | Gavin |
| 2.17.4 | Hierdie karakter het Hanna verkeerd bewys | D | Amos |
| | | E | Beyers |

(4 x 1) (4)

**[35]**

## VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS E

> Hansie kyk bekommerd na Elsabet wat lusteloos by die tafel sit en blaai in ŉ boek.
>
> "Ons moet vir jou eintlik ŉ afspraak by dokter Alwyn kry."
>
> "Ek is nie siek nie, Ma. Net sat." Elsabet kyk nie op nie. "Juis. Dit kan jou hormone ook wees. Met die ouweries wat uit is. Al skryf hy ook net ŉ bietjie toniek voor."
>
> Elsabet is nie lus vir die praatjies nie. Sy staan op. "Dit het niks daarmee te doen nie, Ma."
>
> Hansie vat ŉ houtlepel en roer in die groot kastrol op die stoof. "Ek het daardie slag gesê jy moet jou volle ses weke hier uitbly, onthou? Jy het te vinnig begin woel. Hulle sê altyd dit vat ses weke na die moedersdele uit is."
>
> "Ma, asseblief!"
>
> Hansie draai om en kyk na Elsabet. Nou is die kind opstandig, maar dis van nie wil hoor nie. Hier sit sy al vir vier dae, so wit soos ŉ sloop, sit haar mond amper aan niks nie.
>
> "Ma verstaan nie."

3.1 Elsabet sê: "Ek is nie siek nie, Ma. Net sat." (reël 3)

3.1.1 Wat wás egter hier fisies verkeerd met Elsabet? (1)

3.1.2 Bewys ook dat Elsabet se woorde hier grotendeels waar was. Gee DRIE feite. (3)

3.2 "Ma, asseblief!"(reël 9)

Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (3.2.1) en die antwoord neer.

3.2.1 Elsabet openbaar hier ŉ gevoel van (dankbaarheid/frustrasie). (1)

3.2.2 Watter karaktertrekke openbaar Hansie teenoor Elsabet in hierdie uittreksel? Gee TWEE karaktertrekke. (2)

3.3 Elsabet worstel hier met ŉ geheim in haar hart.

3.3.1 Wat is die geheim? (1)

3.3.2 Elsabet het net na hierdie gesprek iets gedoen wat ŉ getroude vrou nie behoort te doen nie. Wat doen sy? (1)

3.3.3 Dink jy Elsabet kon hierdie situasie beter hanteer het? Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

3.3.4 Watter ander groot geheim het Fred gehad? (1)

3.3.5 Hoe het hierdie geheim reg in die hande van Skalla gespeel toe hy daarvan te hore kom? (1)

3.3.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (3.3.6) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 3.3.6 E.

Fred het onwetend opgemaak vir hierdie geheim van hom toe hy ...

A Jacob se regskoste betaal het.
B geld vir Kinnie gegee het.
C Janka se mediese onkoste betaal het.
D vir Skalla vasgetrek het. (1)

3.3.7 Hoe het Ryna by Fred se geheim betrokke geraak? Gee TWEE feite. (2)

3.3.8 Watter onredelike versoek het Fred aan Elsabet gerig wat haar huwelik met Jacob drasties sou beïnvloed het? (1)

3.3.9 Waarom dink jy sou dit vir Elsabet voordeliger gewees het om Jacob te los en met Fred te trou? Gee TWEE feite. (2)

3.3.10 Waarom is dit waar om te glo dat selfs Fred moontlik in sy huwelik met Elsabet ontrou sou wees? (1)

3.3.11 Tot watter besef het Elsabet gekom toe sy van Fred se verhouding met Jackie Stevens hoor? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS F**

| |
|---|
| Sy wou vir hom sê dat Jacob nie vir Janka sommer sal prysgee nie. Maar sy het nie gepraat nie. Sy was tot die dood toe moeg en wou alleen wees. Alleen voor die storms oor haar toesak. Sy wil nie eens dink aan wat voorlê nie. Daar is haar skoonma en skoonpa. Hulle sal eerste moet weet. Daar is Fred se kinders en sy pa. Daar is die hele Salamanderbaai. Maar die ergste is haar kind. Sy sou Janka saambring ... dit was tog so beplan. Maar vanoggend toe sy besig was om die babagoedjies in die sak te pak, het sy besef sy kan nie. Al wou sy Jacob hoe seermaak, sy kon nie dit aan hom doen nie. Sy kan maar net hoop dat hulle later daaroor kan praat en iets saam kan uitwerk. Intussen sal Ryna daar wees vir Janka. Dis die enigste ligpunt: dat daar iemand naby haar kind is ... iemand wat omgee. |

3.4 "Daar is haar skoonma en skoonpa". (Reël 4)

Watter groot besluit het Elsabet alreeds op hierdie stadium geneem? (1)

3.5 "Daar is die hele Salamanderbaai." (Reël 5)

Wat is die figuurlike implikasie van hierdie woorde? (1)

3.6 Waarom wou Elsabet vir Jacob seermaak? (1)

3.7 "Intussen sal Ryna daar wees vir Janka" (Reël 9)

Die volgende gebeure handel oor hoe Ryna uiteindelik permanent in Janka se lewe betrokke geraak het. Skryf dit nou onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

- Elsabet het verdrink.
- Elsabet se baba het by geboorte gesterf.
- Kinnie het by Janka se geboorte gesterf.
- Ryna en Jacob het mekaar gevind. (4)

3.8 Hoe het Janka later as leerder voordeel getrek uit haar permanente verbintenis met Ryna? (1)

3.9 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (3.9.1–3.9.3) neer.

| Ousanna ; onselfsugtig; boom plant; die dominee; kruis oprig |
|---|

Jannerik wil ŉ (3.9.1) … om sy pyn te verwerk. Hy het die idee by (3.9.2) ... gekry. Jannerik tree (3.9.3) ... op na die geboorte van Janka. (3)

3.10 Daar was verskillende karakters wat ŉ rol in hierdie roman gespeel het.

Kies die karakter in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (3.10.1–3.10.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.10.1 | Hierdie karakter was onwys om finansiële hulp te weier | A | Ryna |
| 3.10.2 | Hierdie karakter verlaat Meeuland as ŉ gebroke persoon | B | Elsabet |
| 3.10.3 | Hierdie karakter kom op Meeuland as ŉ gebroke persoon aan | C | Jacob |
| 3.10.4 | Hierdie karakter het baie pyn vir die mense om hom veroorsaak | D | Skalla |
| | | E | Hermanus |

(4 x 1) (4)

**[35]**

## VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

Lien mik biblioteek toe. Dis waar sy deesdae skuil as Wouter koers kies. Tussen die rakke met die oorsese tydskrifte en die rekenaars waarop hulle net tien minute op ŉ slag op die Internet mag surf. Hier maak sy haar lysie agterin haar Lewenswetenskappe-boek.

***

Die klok lui en sy dwaal lusteloos na die vierkant, waar die dag met afkondigings begin. Sy luister soos gewoonlik nie en bou in haar kop ŉ piramide met die periodes wat voorlê. Heel onder is Wiskunde, Lewenswetenskappe en Rekeningkunde. Die goed wat sy verpes. Dan is daar Besigheidstudies en Afrikaans. Engels vorm die top van die piramide, nie dat sy so danig mal is oor die vak nie. Dis net die *weird* ou wat vir hulle Engels gee wat die dag die moeite werd maak.
Mister MacMillan. *Weird* klere. Los, bont hemde wat oor sy broek hang en sulke funky dasse, skoene wat jy nie in dié wêreld sal raakloop nie. En hy steur hom nie veel aan die *rules* en *regulations* van die *powers that be* nie. Hy doen sy eie ding. Leef hom uit in die letterkunde wat hy vir hulle gee. Selfs die *boring Macbeth* klink luisterbaar as hy dit vir hulle voorlees. En die vreemde maar *amazing* gedigte. Sy het al hoendervleis gekry vir party van die goed wat hy vir hulle gelees het, duidelik nie altyd goed wat die Departement van Onderwys sou voorskryf nie.

4.1 Wat het Lien agterin haar Lewenswetenskappe-boek geskryf? (1)

4.2 Lien het die skool se biblioteek gebruik om daar te skuil.
Waarteen het Lien in die biblioteek geskuil? (1)

4.3 "... sy dwaal lusteloos na die vierkant." (Reël 5)
Waarom toon Lien sulke lusteloosheid? Gee TWEE feite. (2)

4.4 4.4.1 Hoe was die rol wat Lien se ma in haar kinders se lewe gespeel het, anders as dié van die tradisionele ma? Gee DRIE feite. (3)

4.4.2 Wat het daartoe bygedra dat Lien se ma haar in daardie posisie bevind? (1)

4.4.3 Hoe het tant Malie gehelp om Lien se bekommernisse ligter te maak? (1)

4.5 Het jy enige simpatie vir die posisie waarin Lien se ma haarself bevind?
Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

4.6 4.6.1 Waarom het dit vir Lien gepas dat sy die matriekafskeid gaan misloop? Gee TWEE feite. (2)

4.6.2 Wat sê dit van Wouter se karakter dat hy bereid was om die matriekafskeid saam met Lien mis te loop? (1)

4.6.3 Wouter het haar egter verras toe hy later noem dat hulle wel na die matriekafskeid moet gaan, maar met ŉ radikale voorstel. Wat stel hy voor? Gee TWEE feite. (2)

4.7 Hoe het Lien se rol as Weird Maria tog ŉ positiewe bydrae in haar situasie gemaak? Gee TWEE feite. (2)

4.8 Hoe bewys Lien haar desperaatheid om iets omtrent haar huishoudelike situasie te doen? Gee TWEE feite. (2)

4.9 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.9) en die antwoord neer.

Braam se skool het voordeel getrek uit Lien se deeltydse werk by Creations, want Donovan het Braam se (hare versorg/krieketspan geborg). (1)

4.10 Die volgende gebeure handel oor Lien as ŉ bedelaar.

Skryf die gebeure nou onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer soos dit in die roman voorkom.

- Lien het huiwerig uit die bus geklim en dit oorweeg om terug te klim.
- Lien het die skoene in Pep se venster gesien.
- Lien het die sleutel van die rekwisietekamer gevat en gesoek na wat sy nodig het.
- Lien het mettertyd gewoond geraak aan die lewe op die straat. (4)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS H**

*`n Groepie mense staan met hulle rûe na die kamera. Hulle kyk na ŉ asem-rowende waterval wat onder in ŉ poel stort.Van die mense het kameras en neem foto's. ŉ Japannese man beduie iets vir die vrou langs hom en hy neem ŉ foto met die kamera wat om sy nek hang van haar met die waterval as agtergrond. Die vrou sê opgewonde iets vir ŉ ouer Japannese vrou langs haar. Die kamera zoem in op ŉ vrou met swart hare en ŉ sonbril wat met ŉ seun met donker krulhare langs haar praat. Sy beduie na die bopunt van die waterval van waar die water geruisloos na benede tuimel. Die kamera kry die profiel van ŉ dogter met lang swart hare in fokus wat langs die seun staan. Sy staan asof versteen, gehipnotiseer deur die vallende water. Haar donker oë blink. Die seun langs haar maak asof hy haar oor die reling wat die toeskouers van die waterval skei, wil stamp. Sy ruk en gryp die reling vas en draai vererg na die seun langs haar terwyl sy hom ŉ stamp gee.*

Hy glimlag. Oorweeg dit om weer daarna te kyk.

4.11 Die uittreksel wys dat Braam hulle huishoudelike situasie anders as Lien hanteer.

4.11.1 Verduidelik hoe Braam die situasie hanteer. (1)

4.11.2 Waarom sou jy sê dat dit tog beter vir Braam was om die situasie verskillend te hanteer? (1)

4.12 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (4.12) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 4.12 E.

"Die kameraman zoem in op ŉ vrou met swart hare en ŉ sonbril wat met ŉ seun met donker krulhare langs haar praat."

Bogenoemde aanhaling is ŉ aanduiding van ...

A die goeie tye van die Jooste-gesin.
B ŉ kriekettoer wat Braam onderneem het.
C ŉ toneel uit Lien se opvoering.
D ŉ rolprent waarna Braam kyk. (1)

4.13 Een aand, na ŉ dag van bedel, voel Lien "half swart" en "half wit".

Hoe verbreek Lien die stereotipe in ons Suid-Afrikaanse opset? (1)

4.14 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (4.14.1–4.14.3) neer.

| |
|---|
| vriendelik; lojaal; vrees; positiewe; fokus; negatiewe |

Tibbey herinner Lien aan die (4.14.1) ... kant van die lewe. Lien was baie (4.14.2) ... teenoor Tibbey. Tibbey se ongeluk het Lien se (4.14.3) ... van haar probleem weggeneem. (3)

4.15 Daar was verskillende karakters wat ŉ rol in Christien Jooste se lewe gespeel het.

Kies die karakter in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (4.15.1–4.15.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.15.1 | Hierdie karakter het Christien Jooste se lewe erg benadeel | A | Tannie Bets |
| 4.15.2 | Hierdie karakter het Christien Jooste as ŉ moeder beter laat lyk | B | Dirkie |
| 4.15.3 | Hierdie karakter het Christien Jooste iets omtrent haar probleem laat doen | C | Wouter |
| 4.15.4 | Hierdie karakter het een keer probeer om Christien Jooste se skande in die openbaar te bedek | D | Tant Malie |
| | | E | Christien se man |

(4 x 1) (4)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

### VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS I**

MOSIE. Ná die strike is Poppie kliniek toe om te vra of die bed in die hospitaal nog oop is vir Stone, en die dokter het gesê Stone kan maar kom.
STONE. Jy wil my uit die huis uit wegkry. Mens kom nie weer in die lewe uit die hospitaal nie.
POPPIE (*neem hom aan die arm).* As jy nie by die huis wil rus nie, moet jy maak wat die dokter sê. Jy sal hierso gesond kan word.
PLANK. Sy moes haar pas weer laat regmaak, want Mrs. Graham by wie sy ge-char het, het teruggegaan Engeland toe.
POPPIE. Hulle het my ŉ extension van ses maande gegee, maar toe ek ná ses maande weer daar kom, ek het toe nog nie werk gekry nie, want ek het al drie kindertjies tuis gehad en met my man se siekte was dit moeilik ...

5.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.1) en die antwoord neer.

Stone het siek geraak terwyl hy (by die melkery/as ŉ ketelmaker in ŉ fabriek) gewerk het. (1)

5.2 "MOSIE. Na die strike is Poppie kliniek toe ..." (Reël 1)

5.2.1 Waarteen het die mense gestaak? (1)

5.2.2 Dink jy stakings is die beste oplossing wanneer daar ŉ probleem ervaar word? Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

5.3 "STONE. Mens kom nie weer in die lewe uit die hospitaal nie." (Reël 3)

5.3.1 Noem die rede waarom jy saamstem dat Stone se woorde waar geword het. (1)

5.3.2 Dink jy dis reg dat Stone so negatief oor hospitale gedurende daardie tyd gevoel het? Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

5.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (5.4) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 5.4 E.

"POPPIE. (Neem hom aan die arm)." Poppie se aksie kan hier beskryf word as ...

A liefdeloos.
B verstandig.
C onsimpatiek.
D aggressief. (1)

5.5 Waarom was dit vir Poppie nie maklik om enige werk te aanvaar nie alhoewel sy desperaat vir werk was? Gee DRIE feite. (3)

5.6 Waarom het Poppie eers nie saam met die ander swartmense uit Lambertsbaai getrek nie? (1)

5.7 Poppie ervaar baie probleme met haar pas.

5.7.1 Watter ongevoelige opmerking maak Ma Lena toe Poppie só sukkel om 'n pas in die hande te kry? (1)

5.7.2 Watter godsdienstige ding het Poppie gedoen toe sy so met die rondtrekkery sukkel? (1)

5.8 Poppie se kinders se opvoeding was vir haar baie belangrik.

5.8.1 Bewys dat dit waar is dat Poppie haar kinders se opvoeding eerste gestel het ten spyte van haar desperate posisie met die passe. (1)

5.8.2 Hoe het Bonsile egter teen daardie opvoeding gerebelleer? (1)

5.9 Stone het nie by Poppie en die kinders in Ciskei gebly nie.
Hoe het Stone bewys dat hy 'n goeie man vir Poppie bly? (1)

5.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (5.10) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 5.10 E.

Na Stone se dood besluit Poppie om sonder 'n pas in die Kaap te gaan werk. Sy doen dit omdat sy ...

A 'n vegter is.
B opstandig is.
C 'n werk aangebied is.
D Mrs Swanepoel van haar hou. (1)

5.11 Waarom was Jakkie kwaad toe Mrs Swanepoel vir Poppie 'n sesmaandelikse pas aanbied? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS J**

MOSIE. Toe skrywe die kinders groot notices, en plak hulle by die busstoppe vir migrant werkers wat nie wil ophou wyn verkoop nie. Toe die migrants nie na die kinders luister nie, gaan al die lokasie se kinders na die special quarters waar die migrants bly. Daar beginne breek hulle vensters, en bottels wat hulle uithaal, het hulle breek gegooi. Die city-borners sê toe: ons baklei nou same met onse kinders teen die migrant werkers van die homelands.

HOEDJIE. Die migrants dink nie verder as hulle drank nie. En die poeliesse sê vir die migrants: donder julle maar die kinders vir ons part ook op.

MAMA: Dis ŉ jammerlike ding, want ons is almal AmaXhosa en die kinders soek om ŉ slegte ding reg te maak. Hulle sê nie die special quarters se mense moet die wyn aflos en die lokasie se mense mag wyn verkoop nie. Hulle soek om almal te help.

PLANK. Maar die migrants sê: Ons laat ons nie rule deur die amathole bonomokhwe nie.

5.12 Hoe dink jy wat staan op die kennisgewings wat die kinders opplak? (1)

5.13 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.13) en die antwoord neer.

Vukile se dood kan as (ŉ wending/hoogtepunt) in hierdie drama beskou word. (1)

5.14 Hoe verskil die atmosfeer hier met dié wat ŉ mens normaalweg gedurende Kerstyd sou aantref? (2)

5.15 Wat was ongewoon oor wie die leiding tydens hierdie opstande neem? (1)

5.16 Verduidelik die term *“migrant werkers*”. (Reël 6) (1)

5.17 Waarom was die polisie se gedrag hier heeltemal verkeerd? (1)

5.18 Die volgende gebeure hou verband met die verhouding tussen Poppie en Stone.

Skryf die gebeure in die korrekte VOLGORDE neer soos dit in die drama voorkom.

- Poppie het die Xhosa-tradisies leer ken.
- Poppie het Stone leer ken.
- Stone het tata-ka-Bonsile geword.
- Stone het ŉ tweeslaapkamerhuis in Jakkalsvlei gebou. (4)

5.19 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (5.19.1– 5.19.3) neer.

| veg; aggressief; hardkoppig; geprotesteer; populêre; groot |
|---|

Poppie het uit ŉ geslag van (5.19.1) ... vroue gekom. Poppie was ook ŉ sterk vrou wat aanhou (5.19.2) ... het vir haar gesin. Poppie se houding teenoor haar stiefpa bewys ook dat sy (5.19.3) ... was. (3)

5.20 Kies die karakter in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (5.20.1–5.20.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.20.1 | Hierdie karakter het Poppie se noemnaam gegee | A | Vukile |
| 5.20.2 | Poppie was die liefste vir hierdie stiefbroer | B | Mosie |
| 5.20.3 | Poppie het hierdie karakter tata-ka-Bonsile genoem | C | Ouma Hannie |
| 5.20.4 | Hierdie karakter het die plek van tata-ka-Bonsile ingeneem | D | Stone |
| | | E | Jakkie |

(4 x 1) (4)

**[35]**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

HENDRIK (*eerder gelate as verwytend*):So, jy't alles gebedoel.

KATRIEN: Ek ... hoop nie hy't gehoor nie. (*Hendrik vat sy baadjie agter die kombuisdeur en trek dit aan. Hy vat sy hoed.)* Waar gaan jy?

HENDRIK: Polisie toe.

KATRIEN: Dié tyd!

HENDRIK: Ek kan nie heelnag sit en wag tot die sentrale oopmaak nie. (*Hy sit sy hoed op.)*

KATRIEN: Hendrik!

***

HENDRIK: Wat is dit, Katrina?

KATRIEN: (*haar gesig 'n gepynigde vraagteken):* Hoe het ons hier gekom?

Hendrik gee twee versigtige tree terug in die kombuis in.

HENDRIK: ...

KATRIEN: Wat het dan gebeur dat als ... só geword het?

HENDRIK: Ek weet nie, Katrina.

KATRIEN: Ons was tog op 'n tyd gelukkig!

***

KATRIEN: Op Touwsrivier twintig jaar terug het almal gesê jy gaan stasiemeester wees voor jy dertig is. Toe kom Emma. Toe Lydenburg. Toe Soekmekaar. Toe kom Willem. Toe begin als verkeerd loop. Toe Twyfelfontein. Elke stasie 'n bietjie kleiner, bietjie valer, bietjie verder van als af. (*Sy kyk reguit vir hom.)* Nou sit ons hier. Kyk hoe lyk als, Hendrik. Kyk hoe lyk ons ...

HENDRIK: (*eenvoudig*): Dis lekker hier, Katrina.

KATRIEN: ...Is dit?

6.1 "HENDRIK: So, jy't alles gebedoel." (Reël 1)

6.1.1 Waaroor wou Hendrik polisie toe gaan? (1)

6.1.2 Noem ten minste DRIE dinge wat Katrien daardie dag uit frustrasie aan Hendrik gesê het. (3)

6.2 Hoe weet ons dat Willem wel die stryery tussen sy ouers daardie dag gehoor het? (1)

6.3 6.3.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (6.3.1) en die antwoord neer.

Die uittreksel bewys weereens die rede vir Willem se spraakprobleem, naamlik dat hy (by die skool geterg word/'n angsprobleem het). (1)

6.3.2 Bewys dat die volgende stelling waar is:

Alhoewel die dokter geen medisyne vir Willem se probleem voorgeskryf het nie, gee hy tog waardevolle raad aan Hendrik. (1)

6.3.3 Hoe het Emma bewys dat dieselfde raad van die dokter ook die oplossing vir die gesin se probleem was? Wat sê sy later in die drama? (1)

6.4 Die manne speel 'n belangrike rol in hierdie drama.

Pas die name van die manne in KOLOM B by die beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (6.4.1–6.4.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.4.1 | Hy was verlief op Katrien | A | Nollie |
| 6.4.2 | Hy het Willem weer laat praat | B | Hendrik |
| 6.4.3 | Hy het wreed en sonder respek opgetree | C | Jan Mol |
| 6.4.4 | Hy het die familie na die volstruisdans vergesel | D | Manuel |
| | | E | Frans |

(4 x 1) (4)

6.5 "KATRIEN: Op Touwsrivier twintig jaar terug het almal gesê ..." (Reël 16)

6.5.1 Hoe oud was Hendrik op hierdie stadium van die uittreksel? (1)

6.5.2 Haal 'n frase uit die uittreksel aan wat aandui dat Hendrik vroeg al gewys het dat hy potensiaal vir 'n stasiemeester het. (1)

Kopiereg voorbehou 

6.6 Watter emosie openbaar Katrien in hierdie uittreksel? (1)

6.7 "Hendrik (*eenvoudig*): Dis lekker hier, Katrien." (Reël 22)

6.7.1 Waarna verwys die "hier" in die aanhaling? (1)

6.7.2 Om watter hoofrede het Hendrik verkies om na hierdie stasie te trek? (1)

6.8 Waaruit kan ons aflei dat Hendrik moontlik nie juis 'n ambisieuse man was nie? (1)

6.9 "Katrien: ... Kyk hoe lyk ons ..." (Reël 21)

Waarna het Katrien hier figuurlik verwys? Gee TWEE feite. (2)

6.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (6.10) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 6.10 E.

Kyk na die name waar Hendrik voorheen gewerk het. Dit is betekenisvol in die lewe van die McDonalds, want ...

A dit verwys na die verskillende klein stasies in Suid-Afrika.
B dit verwys na die plekke waar die manne by Katrien aangelê het.
C dit verwys na Hendrik se ambisie.
D dit verwys na die plekke waar Hendrik stasiemeester was. (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS L**

KATRIEN: Emma, hy hét tog gesê "Manuel", het hy nie? Dit was tog nie my verbeelding nie.

EMMA: Aanmekaar, heelpad, "Manuel", "Manuel", tot ons hom nie meer kon hoor nie.

HENDRIK: Hy wil nie sê Pa of Ma nie – so, wie die moer is Manuel?

EMMA: Hendrik, nie so voor die kinders nie.

***

Na 'n rukkie hoor ons die agterdeur klap. Almal kyk op. Luister. Hulle roer nie.

***

KATRIEN: Ssjjt! (*Willem verskyn in die middeldeur. Sy sien hom eerste.)* Jy's laat. Ons is al amper klaar geëet.

Almal probeer so ongemerk moontlik vir Willem bekyk. Katrien staan op om iets van die buffet af te gaan haal en met die terugkom, wanneer sy reg agter Willem is, beduie sy vir almal hulle moet aangaan met hulle etery. Hulle eet in doodse stilte. As daar wel iets gesê word, is dit amper onhoorbaar, onderlangs. Goed soos:

Die botter, asseblief.
Nog brood, iemand?
Asseblief.
Gee bietjie aan.
Dankie. Ens.

Iemand maak keel skoon.
Katrien, wat langs Willem sit, vee vlugtig oor sy kop en staan op en sny nog brood op die buffet agter haar stoel. Hendrik gebruik die kans om Willem goed deur te kyk. Hy wil sy mond oopmaak om iets vir Willem te sê, maar Katrien, met haar rug na die tafel toe, praat.

KATRIEN: Hendrik!

Hendrik sluk sy woorde.

6.11 "Hulle eet in doodse stilte" (Reël 13)

Verduidelik waarom bogenoemde aanhaling ironies is in vergelyking met reël 1. (2)

6.12 6.12.1 Waarom, dink jy, wou Katrien nie hê dat hulle op daardie oomblik aandag aan Willem moes gee nie? (1)

6.12.2 Is Katrien se versoek hierbo vir jou redelik? Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

6.13 Die volgende gebeure hou verband met die verhouding tussen Willem en Manuel.

Skryf dit nou onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer soos dit in die drama voorkom.

- Manuel het vir Willem van sy toertjies in die skuur gewys.
- Manuel het reg op Willem afgestap en voor hom loop staan.
- Willem het sy fiets gegryp en agter die sirkustrein gejaag.
- Willem het 'n hansworsgesig op Manuel se gesig geteken. (4)

6.14 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (6.14) en die antwoord neer.

Hierdie uittreksel is deel van die verwikkelingsfase, want (ons ontmoet vir Willem wat nie kan praat nie / die spanning verhoog verder toe die familie agterkom Willem kan weer praat). (1)

6.15 Voltooi die paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (6.15.1–6.15.3) neer.

| kommunikasie; in die huis; geweier; verwelkom; veld toe; geld |
|---|

Emma het altyd (6.15.1) ... gehardloop wanneer sy ontsteld was. Nollie het Hendrik se hulp (6.15.2) ... in sy stryd om Emma se hart te wen. Die gesin se gebrek aan (6.15.3) ... het Emma se houding teenoor Nollie beïnvloed. (3)

6.16 "Hendrik sluk sy woorde." (Reël 26)

Hoe verskil hierdie reaksie van Hendrik met die Hendrik wat ons vroeër in die drama leer ken het? (1)

6.17 Waarom was Emma ontevrede met haar ma se versoek dat hulle niks moes sê nie? (1)

**[35]**

**VRAAG 7: *FIELA SE KIND* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:

**TEKS M**

SELLING: Los die kind, Fiela, hy's nie een vir agter draf nie. Daardie perdekar is al heelweek op en af hier in die Kloof. Vreemde kar.

FIELA: Smouse. Al hoe meer van die goed hier rond. As dit so aangaan, sal daar op die ou end vir elke volstruisveer 'n koper wees. (FIELA *lag ingenome.*) Sy's mooi, Selling. Bietjie rankerig om die boude, lyk dit vir my, maar ons sal haar vet kry. Wag maar.

SELLING: Dis nog te ver om te sê hoe sy lyk, vrou – die perdekar het lus vir uitdraai hiernatoe.

***

FIELA: Goed, hulle kan dasvelle kry, maar nie vir onder die twee oulap 'n vel nie. (*'n Valk skree skielik naby.*) Maaifoerie se valk. Gister my mooiste kuiken gevang toe ek my rug draai, nè? Vandag kan jy maar op 'n ander plek loop aas. Ek sal hulle toemaak.

SELLING: Die kar draai op, Fiela.

FIELA: Nie 'n enkele vel vir onder die twee oulap nie.

***

SELLING (*roep van die huis af):* Fiela! Die perdekar kom hiernatoe.

FIELA: HY kan maar kom.

7.1 Wie was die manne in die vreemde perdekar? (1)

7.2 Watter ander inligting behalwe die aantal inwoners, wou hulle van Fiela weet? Gee DRIE feite. (3)

7.3 Waarom kan die koms van die perdekar as die begin van die Komoeties se probleme beskou word? (1)

7.4 "FIELA: Maaifoerie se valk. Gister my mooiste kuiken gevang toe ek my rug draai, nè?" (Reël 10)

Wat is die figuurlike VERWYSING van hierdie woorde in die konteks van hierdie drama? (1)

7.5 SELLING: Die perdekar kom hiernatoe." (Reël 15)

Selling het herhaaldelik na die perdekar verwys. Wat wil die dramaturg hiermee bereik? (1)

7.6 Hoe het Fiela aan Benjamin gekom? (1)

7.7 Hoekom het Fiela uiteindelik besluit om Benjamin by haar te hou? (1)

7.8 Op watter manier het die Komoeties geld gemaak? (1)

7.9 "FIELA: Nie 'n enkele vel vir onder die twee oulap nie." (Reël 14)

Noem TWEE karaktertrekke van Fiela wat ons hieruit kan aflei. (2)

7.10 FIELA se woorde: "Hy kan maar kom." (Reël 16) dui op selfvertroue.

Hoe is haar selfvertroue kort hierna erg getoets? (1)

7.11 7.11.1 Hoe verduidelik Lange die teenwoordigheid van bruin kinders op witmense se plase en selfs in hul huise toe Fiela hom daaroor uitvra? (1)

7.11.2 Skryf die gebeure nou onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer soos dit in die drama voorkom.

- Die sensusman het Barta voorgesê watter kind om te kies.
- Benjamin se naam het na Lukas verander.
- Die sensusmanne het Benjamin by die Komoeties ontdek.
- Fiela het besluit om nie langer na Benjamin se biologiese ouers te soek nie. (4)

7.11.3 Dink jy die sensusmanne sou dieselfde houding gehad het indien Fiela-hulle 'n wit gesin was? Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

7.11.4 Waarom sê Fiela het sy besluit om nie langer as 'n week meer na Benjamin se biologiese ouers te soek nie? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS N**

BARTA: Elias... Dink jy nie hy's moeg nie?

ELIAS: Is jy moeg, Lukas? (*Pouse.*) Was die mense daar agter in die Lange Kloof darem goed vir jou? (*Lukas loop vinniger, Elias gryp hom aan die arm.*) Ek sien jy het 'n mooie hemp aan. Wat is alles in die trommel?

LUKAS: My goed.

BARTA: Ek dink hy's moeg, Elias.

ELIAS *sit die trommel op 'n boomstomp neer en hy en* BARTA gaan sit.

***

ELIAS: Jy moet iets kom eet.

LUKAS *skud sy kop. Hy maak sy trommel oop en begin sy kos eet. Musiek. Ligte doof uit. Kom op in Boshuis.* BARTA, ELIAS, WILLEM, NINA en TANT GERTJIE *op verhoog. Kinders vat aan* LUKAS *en hy skop hulle.*

***

NINA: As jy saam met my kom, gaan wys ek jou die geheim.

***

LUKAS: Ek is nie julle kind nie.

NINA: Is, jy is.

LUKAS: My ma gaan my kom haal, jy gaan sien.

7.12 "LUKAS: Ek is nie julle kind nie. (Reël 15)

7.12.1 Wie se kind sê Benjamin is hy? (1)

7.12.2 Watter onregverdigheid het in die hof gebeur wat veroorsaak het dat Benjamin se identiteit verander het? Gee TWEE feite. (2)

7.13 ŉ Mens mag nie leuens in die hof vertel nie.

7.13.1 Watter leuen het Benjamin wel oor sy identiteit in die hof vertel? (1)

7.13.2 Waarom kan ŉ mens Benjamin wel vir hierdie leuen verskoon? (1)

7.14 "ELIAS: Jy moet iets kom eet." (Reël 9)

Waarom kan ŉ mens Elias se besorgdheid oor Benjamin hier as vals beskou? (1)

7.15 "BARTA: Los hom, Elias."

Waarom dink jy hou Barta aan dat Elias vir Benjamin moet uitlos? (1)

7.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (7.16) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 7.16 E.

Benjamin en Nina het goed oor die weg gekom, want ...

A Benjamin was soos ŉ broer vir Nina.
B Benjamin en Nina was albei buitestaanders in die Van Rooyen-gesin.
C Nina het Benjamin jammer gekry.
D Nina se twee broers het haar geïrriteer. (1)

7.17 Voltooi die paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (7.17.1–7.17.3) neer.

| |
|---|
| liefdesmaat; sensusmanne; loopbaan; verby velkleur gekyk het; nie sy ouers kon opspoor nie; |

Benjamin se verwardheid het begin toe die (7.17.1) ... hom oor sy identiteit uitgevra het. Fiela het hom as haar kind grootgemaak omdat sy (7.17.2) ... Alles het ten goede vir Benjamin uitgewerk omdat hy ook sy (7.17.3) ... gevind het. (3)

7.18 Hierdie karakters het ’n rol in Benjamin se lewe gespeel.

Kies die karakter in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (7.18.1–7.18.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.18.1 | Hierdie karakter het Benjamin as sy eie seun aanvaar | A | Nina |
| 7.18.2 | Hierdie karakter het in Benjamin se emosionele behoeftes as ’n jongman voorsien | B | Willem |
| 7.18.3 | Hierdie karakter was verantwoordelik vir groot pyn in Benjamin se lewe | C | Barta |
| 7.18.4 | Hierdie karakter het geglo dat werk goed is vir ’n mens | D | Selling |
| | | E | Fiela |

(4 x 1) (4)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C: KORTVERHALE

***SPIEËLBEELDE***

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die volgende kortverhale.

### VRAAG 8

### DIE WELDOENER – T.T. Cloete

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS O

Al sy mense is al aan die slaap. Moeg van lees, besluit hy om langs die see te gaan stap.

Alles en almal in die stranddorp is stil. Doodstil. Ook die jongmense wat gedans het en gedrink het en lawaai gemaak het, is al stil. Net hier en daar in ’n strandhuis brand nog lig. Skielik, in die halflig van die fosforsee, sien Gawie iemand op die wit sand van die strand lê. Die liggaam lê ontspanne maar nie gemaklik nie, in ’n onnatuurlike houding, asof die lyf om een of ander rede neergestort het in sy spore en net so bly lê het. Dit laat Gawie nader stap. Hy sien dit is ’n jong man, so iemand wat nou net matriek geslaag het of vars op die universiteit is. Hy is dronk en ruik suur van braaksel, lê half daarin. Gawie rol hom om op sy rug en praat met hom. Die seun mompel, probeer orent kom. Gawie help hom in ’n sitposisie en praat met hom.

8.1 8.1.1 By watter konservatorium werk ons hoofkarakter? (1)

8.1.2 Watter opinie het die musiekstudente van Werner Beck gehad? (1)

8.2 8.2.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (8.2.1) en die antwoord neer.

’n Mens sou Gawie as ’n (pandit / piekanien) beskou. (1)

8.2.2 Motiveer jou antwoord by VRAAG 8.2.1. (1)

8.3 “Alles en almal in die stranddorp is doodstil. Doodstil. Ook die jongmense ...” (Reël 3)

8.3.1 Watter stereotipe word in die uittreksel aan jongmense gekoppel? (1)

8.3.2 Haal TWEE aparte kontrasterende woorde uit die uittreksel aan. (1)

8.3.3 Waarom is dit waar dat die jongman nie net as gevolg van sy dronk toestand daardie aand ineengestort het nie? (1)

8.4 Volgens watter aanduiding in die uittreksel kan Gawie aflei dat die jongman alkohol gebruik het? (1)

8.5 8.5.1 Op watter TWEE verskillende maniere het die jongman se vriende hom in die steek gelaat? (2)

8.5.2 Wat was die les, volgens Gawie, wat hierdie jongman omtrent sy vriende moes leer? Gee TWEE feite. (2)

8.5.3 Hoe dink jy wat was die jongman se vriende veronderstel om te doen sodat hy in homself kon glo? (1)

8.5.4 Waaraan laat hierdie optrede van die jongmense teenoor hul vriend vir Gawie, in sy eie beroep by die konservatorium, nadink? (1)

8.6 "Ek trek alle deure agter my toe."

Noem TWEE deure wat die jongman daardie aand in sy lewe toetrek. (2)

8.7 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (8.7) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 8.7 E.

Die skrywer kry dit reg om die leser oor elke fyn detail in te lig, want:

A Die skrywer weet alles.
B Die skrywer gebruik 'n alwetende verteller.
C Die skrywer het die karakters baie goed geken.
D Die skrywer het die stranddorp baie goed geken. (1)

**EN**

**ROT IN 'n VAL – H. du Plessis**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS P**

"Jy moet jou vroeër lig soggens. Jou kamer lyk nes 'n rotnes. Nie 'n wonder Igundane is weer weg nie."

"Ma moet 'seblief self kyk waar hy is. Ma sal mos, hè?"

Sy knik onwillig. "Ek het jou al duisend keer gesê om op te hou om slange, spinnekoppe en ander ongediertes aan te hou. Auntie Grace hou niks daarvan nie, ek ook nie."

"Maar Pa het gesê ek mag."

"Dis oor Pa nie moet skoonmaak en kos gee nie. dis hoekom hy vir alles ja sê."

Lerato trap die versneller dieper weg. Al wat sy nou nog vandag kortkom, is 'n verkeerskaartjie, sy het juis die miserabele voorgevoel dat antie Grace nie vandag gaan opdaag nie. Sy sug. Dis wasdag, uitpak- en inpakdag, dis werkdag soos elke ander vaal huisvroudag.

8.8 Hoe sal jy sê dra die titel by tot die spanning in hierdie kortverhaal. Gee TWEE feite. (2)

8.9 Op watter wyse het Lerato self hierdie rooftog by haar huis veroorsaak? (1)

8.10 Waarom is dit waar dat Igundane as die held van hierdie kortverhaal beskou kan word? (1)

8.11 Bewys dat hierdie kortverhaal na Apartheid afspeel. Gee DRIE feite. (3)

8.12 Die volgende gebeure hou verband met Lerato soos dit in hierdie kortverhaal afspeel.

Skryf dit nou onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer soos dit in die drama voorkom.

- Lerato het vir haar en Angelina tee gemaak.
- Lerato het toegelaat dat Kuku by die deur inkom.
- Lerato se vinger het om die mes se hef geklem.
- Lerato het parkering by die winkelsentrum gesoek. (4)

8.13 Voltooi die paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (8.13.1–8.13.3) neer.

| |
|---|
| verligting; vrees; dadelik; voorspelling van; later; skok oor |

Die voorval met die rot by die winkel was vir die leser ŉ (8.13.1) ... wat later met Lerato gaan gebeur. Kuku se verskyning het meer (8.13.2) ... by Lerato veroorsaak. Lerato het (8.13.3) ... ŉ verklaring afgelê. (3)

8.14 Hierdie karakters het ŉ rol in hierdie kortverhaal gespeel.

Kies die karakter in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (8.14.1–8.14.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 8.14.1 | Hierdie karakter het saamgestem dat hy ook oorgewig is | A | Antie Grace |
| 8.14.2 | Hierdie karakter het veroorsaak dat Lerato se dag gejaagd was | B | Groot Penuel |
| 8.14.3 | Hierdie karakter het Lerato dié dag in die steek gelaat | C | Klein Penuel |
| 8.14.4 | Hierdie karakter was baie veiligheids-bewus | D | Sersant Roets |
| | | E | Angelina |

(4 x 1) (4)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

***VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL***

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die gedigte.

### VRAAG 9

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**PRYSLIED – ANTJIE KROG**

1. in die sandkliphart
2. vandag
3. staan hy
4. kop en skraal skouers staan hy bo almal uit
5. houtskool en as is sy hare
6. hy, die sandkleurige seun van uNosekeni
7. uNosekeni die ma van Mandela
8. hy, die man met die vlesige palmkussings

9. hier staan hy
10. uit die gevestigde familie van Ngubengcuka
11. die seun van Dalindyebo
12. die seun van Mandela
13. hy van die rivieroewers by iNqunu
14. heelmaker uit die Thembu-stam

15. ’n klein swart ster priem sy bo-lip

16. ons prys hom
17. hy wat nie lag nie en nie huil nie
18. eerste ratelaar van Umkhonto we Sizwe
19. die swart pimpernel
20. hy wat nie lag nie en ook nie huil nie

21. hier staan hy dan nou voor ons
22. Nelson Rolihlahla Mandela
23. getrokke tak van lank gelede
24. die sleepsel van sy blare lê wyd
25. legendaries is hy – opspoorder van harte
26. hy maak die pante bymekaar
27. van ’n verskeurde land
28. hy draai ons na mekaar toe vir mekaar
29. hy, heelmaker van mense
30. hy stig vrede

31. vrede, wat die ma is van groot nasies

9.1 Waarna verwys "sandkliphart" in reël 1? (1)

9.2 Gee die figuurlike betekenis van "kop en skraal skouers staan hy bo almal uit" in reël 4. (1)

9.3 Verduidelik die progressie in reël 5: "houtskool en as is sy hare". (1)

9.4 Gee DRIE bewyse waarom hierdie gedig ʼn voorbeeld van ʼn tradisionele pryslied is. (3)

9.5 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (9.5) en die antwoord neer.

Die woord "vlesige" in reël 8 wys daarop dat Nelson Mandela (vet / menslik) was. (1)

9.6 Hoe probeer die digter reël 15: " ʼn klein swart ster priem op sy bo-lip" beklemtoon? (1)

9.7 Haal DRIE agtereenvolgende woorde aan wat bewys dat die ménse hier die eintlike pryssangers is. (1)

9.8 Hoe verskil die betekenis van "pimpernel" in reël 19 van "vandag/staan hy" in reëls 2 en 3? (2)

9.9 Watter TWEE agtereenvolgende woorde dui aan dat Nelson Mandela wêreldbekend was? (1)

9.10 Bewys dat Nelson Mandela as ʼn heelmaker van Suid-Afrika beskou kan word. (1)

9.11 Waarom lag of huil Nelson Mandela volgens strofe 4 nie? (1)

9.12 Haal ʼn reël aan wat daarop dui dat Suid-Afrikaners mekaar nodig het om beter mense te wees. (1)

9.13 "Verskeurde land" (reël 27)

Waarom was Suid-Afrika verskeur? Verwys na die politieke konteks van Suid-Afrika. (1)

9.14 Waarom word daar na "vrede" as die "ma van groot nasies" in reël 31 verwys? (1)

9.15 Waarom is hierdie gedig ʼn voorbeeld van ʼn vrye vers? (1)

**EN**

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**HUISKAT – Elisabeth Eybers**

Die kat strek hoog op vier strak bene, buig
behaaglik om haar luiperdlies te lek,
rol om en lê fluwelig oopgevlek
dat keel en bors en buik die son kan suig.

Ons noem haar "kat" want sy is sonder siel
en anoniem. Smal skerwe van agaat
staar koud uit die driehoekige gelaat.
Arglistig, vloeibaar soos 'n blink reptiel

van los en lenig wees versadig: sy
sal nooit – die veearts het haar "reggemaak" –
ekstase en angs van lewe voortbring smaak,
sal, steeds eenselwig, alle teerheid stuit.
Ek hol my hand behoedsaam, smalend sluit
sy haar oë, kronkel by my greep verby.

9.16 Hierdie kat is nie liefdevol nie.

9.16.1 Gee TWEE bewyse uit die eerste 8 reëls wat daarop wys dat hierdie kat nie liefdevol is nie. (2)

9.16.2 Om wattter rede kan ons sê dat die spreker moontlik self daarvoor verantwoordelik was dat die kat nie liefdevol teenoor hom is nie? (1)

9.17 Met watter woord in strofe 1 vorm "koud" (reël 7) 'n kontras? (1)

9.18 Waarom is dit nodig dat 'n kat "arglistig"(reël 8) moet wees? (1)

9.19 Dink jy dis reg dat die mens hulle troeteldiere "regmaak" (reël 10)? Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

9.20 9.20.1 Gee TWEE aksies van die kat uit die sestet wat daarop dui dat sy nie van die spreker se aandag hou nie. (2)

9.20.2 Watter TWEE opeenvolgende woorde in die sestet bewys dat die kat NOG NIE haar houding verander het nie? (1)

Kopiereg voorbehou 

9.21 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (9.21) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 9.21 E.

Die kat lê "oopgevlek dat keel en bors en buik die son kan suig". (reël 4)

Dit dui daarop dat: ...

A die kat koud kry.
B die spreker die kat se aksies bewonder.
C die kat se handeling nie mooi is nie.
D hierdie ŉ voorbeeld van personifikasie is. (1)

9.22 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (9.22.1–9.22.3) neer.

| |
|---|
| hoe die kat lyk; wat die kat doen; waar die kat is; die kat se houding; die geluide van die kat; die spreker se houding |

Strofe 1 beskryf (9.22.1 ) ... terwyl strofe 2 (9.22.2) ... beskryf en reëls 13 en 14 beskryf (9.22.3) ... teenoor die spreker. (3)

9.23 Verskillende soorte beeldspraak en stylfigure kom in die gedig voor.

Kies die beeldspraak of stylfiguur in KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (9.23.1– 9.23.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 9.23.1 | "lê fluwelig oopgevlek dat keel en bors en buik die son kan suig." | A | vergelyking |
| 9.23.2 | "... want sy is sonder siel en anoniem." | B | personifikasie |
| 9.23.3 | "Arglistig, vloeibaar soos ŉ blink reptiel" | C | eufemisme |
| 9.23.4 | "Smal skerwe van agaat staar koud uit die driehoekige gelaat." | D | enjambement |
| | | E | metafoor |

(4 x 1) (4)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou